**Ou Bertus dra Sandale**

Die kerk in Vredenburg was so tipiese kerk gedoente.

Ek onthou die plek as impossant, oninteressant, met ‘n groot toring. Sonder enige verkoeling of iets wat ‘n kind naastenby kon interesseer. Gevolglik was die ‘n geslagte-lange beproewing vir ouers en oumas en oupas om kinders te kry om hul in die kerk te ‘gedra’.

Jy trek vir ‘n 5-jarige in Afrika KERK KLERE aan – dit was toe skoene, sokkies, langbroek, hemp, das – jissis…. – ‘n DAS in ‘n Afrika somer!!!, en ‘n potsierlike baadjie aan.

Dan ‘kam’ jy ‘n bos hare wat ‘n weerbarsitgheid en eie wil soos die van ‘n stootskraper het, prop hom kollekte, gesang boek en bybel in die sweterige handjie, en sweer hom die dood voor oë - en ‘n besliste kennismaking met die hiernamaals, as hy laas Sondag se ‘mannewales’ net vlietend sou oorweeg.

Dis ‘mannewales’ waarna ‘n breë trekke verwys is, sou verband hou met nie stil sit nie, praat as die dominie praat, vroetel, spartel, nagmaal wyn dief, kollekte laat val, vals sing, kliphard poep, natgekoude papiertjies (afkomstig uit die einste gesange boek) deur ‘n strooitjie in tannies se hare in blaas / skiet, en aan die slaap raak.

Die lys is geensinds volledig nie. ‘Mannewales’ was as ‘n reel nie gespesifiseer nie – daar kon (en is) op kort kennisgewing oortredings by die lys gevoeg word, wat dan weer ‘n besliste onaangename uitwerking op die res van die Sondag sou hê.

Al wat die “ou mense” skynbaar kon vermaak, en geweldpleging tydelik laat afsweer, was as jy vir ‘n volle uur (daai jare was ‘n uur nader aan ‘n week lank) kon STIL sit, OPLET (onthou julle nog hoe NG dominiees daai jare gepraat het???) NIE VROETEL NIE, kak aanjaag afsweer, en mooi saam sing.

Mooi saam sing… Mmmmm.

Afrikaans klink foneties soms heelwat anders as wat die geskrewe weergawe ten doel gehad het. Heelwat anders.

Ek kon op 5 nog nie lekker lees nie. So die gesange boek het my nie veel gehelp nie. Die kuns was skynbaar om te luister wat die groot mense sing, en om dan so die woorde te leer. En as jy die liedjie in daaropvolgende ere-dienste erken, het jy so idee gehad van die woorde, en dan kon jy

"mooi" (aldus die ferm opdrag, voor die kerk se deur, soos jou ma probeer om jou kuif die tweehonderdste keer met spoeg plat te vee) saam sing.

Nou hier moet ek myself gou weer in die rede val: My antennatjie het van kleins af ooglopende teenstrydighede opgetel. Alhoewel die dominiees en grootmense vreeslik melding gemaak het van goed soos 'blydskap', 'vroomheid', 'liefde', 'naasteliefde' en verwante begrippe, was daar vir my 'n skreiende 'disconnect' tussen die gesproke woorde, en die gepaartgaande gesigsuitdrukings, liggaamshoudings en algemene optrede.

Kyk, daar waar ek onder gillende protes in kerke ingeboender was, het mense die kuns om te grens en te frons, terwyl hulle van uitbundige blydskap spreek, tot 'n fyn kuns vervolmaak.

"*Wa-a-a-a-a-at 'n vriend het ons in Je-e-e-e-e-e-sus*" is gesing soos geen daaropvolgende treurmare of smart-lap dit kon nadoen nie. Die woord "blydskap" en 'n gepaartgaande *'grovelling'* frons het mekaar met eentonige reelmaat vergesel. Ek kon nooit sin maak daarvan nie…

*(Later jare het ek so in die 'odd' ledige oomblik oor 'n glas of twee rooiwyn begin wonder of dit nie 'n vorm van omgekeerde masogisme is nie… Ek bedoel, as mense kon grens as hulle - aldus hulself - eintlik vreeslik bly was, sou dit sin maak dat hulle ook moes lag as hulle op 'n drukspyker gaan sit wat ek op die kerk bank voor my "vergeet" het… Nie waar nie?)*

Anyhow. Terug by my fonietiese getas in die duister, en pogings om "mooi" saam te sing…

Ek dink dit het begin met my pogings om by te hou, en my afleidings en legio avonture in die kerk tot 'n minimum te beperk. Ek het probeer oplet na die woorde, en om dan "mooi" saam te sing.

En ek dink dit het by Bertus se Sandale begin.

Dit was duidelik dat die liedjie se woorde was: "*Ou Bertus dra Sandale, en oral is my God".*

Is mos, ne?

Klaarblyklik toe nie.

Aldus die gesange boek, en latere teregwysing, na een van daai episodes waar een of ander kennelike ontstoke ouderling wou weet of '*die mannetjie hom snaaks hou'* – het ek gehoor dis eintlik: "*Oor Berge en in Dale* … " En nie "*ou Bertus dra Sandale*" nie.

In die skool het dit ook nie veel beter gegaan nie. Die fonetiese en geskrewe was soms so wyd soos die Heer se Genade van mekaar verwyder.

Ons skoollied – daai plegtige gedoente waarvoor jy op aandag moes staan as jy dit sing – het gelei iets soos: "*Net die beste gee voldoening … vir 'n Nasie en 'n Mys…"*

Ek is later daarop gewys dat dit ook nie die liedjie komponis se gedagtegang was nie. Die eintlike – amptelike weergawe as jy wil – was toe blykbaar: "*net die beste gee voldoening – wat 'n Nasie ookal eis…"*

In die Sondagskool het my gat ook eendag vreeslik gebrand toe ek uit volle bors saamsing: "*Jesus is lief vir al die kindertjies, en elke fokken hasie…"*

Dit was weer nie reg nie.

Die woorde was toe klaarblyklik "*Jesus is lief vir al die kindertjies, en elke volk en nasie…*"

Shit. In my verweer: Vredenburg is by die Weskus. Daar waar Weskus mense woon. Visters en dergelike. Honest mistake. Die Sondagskool tannie het min (trouens – geen) empatie met my pleitdooi en gespartel gehad nie… Aldus haar was dit 'ondenkbaar' dat 'n 5-jarige so woord kon hoor.

Ek het later besef sy woon seker in 'n grot. Al wanneer sy daar sou uitkom, is wanneer sy eenmaal per week – op 'n Sondag oggend haar hare soos 'n byekorf sou *'tease'*, haar vaal-blou rok aantrek, krale en hoed opsit, en haar wange poeier – net voor sy kom Sondagskool aanbied. Want glo my – op Vredenburg was daai woord vrylik in omgang. Niemand was oormatig snoep daarmee nie, en in my kop en ooraktiewe geestesbeelde kon ek die gewraakte woord, en die oulike hasie nogaal bymekaarbring…

Terug by die kerk…

Kyk, wat dit aan daai saai plek was wat soveel kreatiewe denke uitgelok het, sal ek nooit verstaan nie…

Een betreklike warm Sondag – jare later – ek dink dit was in Riversdal se kerk, toe kom sit daar so omie met 'n kaal kop voor ons. Ek en Jaco Botha en so paar ouens van my rugbyspan het die bank net agter die oom ge-okkupeer.

So met die instap slag is die Kerk-Krieket spanne uitgesit en ingedeel.

Die speletjie het so gewerk: As die priester se hand bo sy kop gaan, is dit ‘n ses. As hy sy hand van die een kant na die ander oor die kansel trek, is dit ‘n vier, en as hy met een vinger wys of verduidelik - is jy uit. Maklik. Score is agter in die gesange boeke gehou. Die priester het gedink ons neem notas. Goeie reeling beide kante toe. Wat mens nie weet nie, kan jou ook nie pla nie, ne.

‘n Besonderse goeie tegniek wat aangewend was as jy besig was om sleg te verloor, was om kliphard te poep. Op daai houtbank het dit onafwendbaar soos ‘n aardbewing geklink. Dit weer, het almal laat uitbars van die lag. Die verontwaardige omkyk van die drie banke voor jou se ou mense, en die dawerende stilte daarna, en die onderdrukking van histeriese gelag, het as ‘n reël die priester effe van stryk gebring, en dan kon mens in die daaropvolgende verwarring appelleer teen een of ander besluit.

Nood leer mos bid. En poep.

Anyhow – terug by die Omie met die kaal kop. So sit Conrad toe een Sondag met ‘n klitsgrassie in sy hand agter die oom. Toe die preek begin, kielie hy die omie eers agter die oor. Denkende dat dit ‘n vlieg was, klap die Omie toe eers sy ore rooi, voordat Conrad begin om die oom se kop te begin kielie.

Elke keer as hy die oom se kaal kop kielie, klap die oom harder, en met meer vennyn. Later moer die oom met oorgawe na die lastige vlieg, dat die opgehewe, rooi vinger hale so oor sy pan lê.

Toe gaan Conrad oor tot die volgende stap: Hy kielie die oom se kop, dan <u>klap</u> die oom. Dan leun Conrad vorentoe, en fluister vir die oom:

“Oom, dit was mis.”

Dan kielie hy hom weer. Dan <u>klap</u> die oom homself een potskoot. Dan leun Conrad weer vorentoe met:

“Oom, dit was WEER mis.”

Dan kielie hy die oom weer. Toe Conrad weer vorentoe leun vra hy:

“Oom, kan ek hom maar klap as hy weer kom sit?” “Ja, asseblief, Boetman” was die antwoord:

Pandemonium. Onverdunde pandemonium. En massa histerie.

Conrad kielie die oom se kop, dan klap hy hom kliphard op sy pan, en dan leun hy vorentoe met die nuus:

"Oom, dit was wragtag **WEER** mis".

Die Kerk-krieketspan in my ry het blaas beheer probleme ontwikkel. Die mense agter ons in die kerk - ook. Die priester wou verskeie are bars weens die kollektiewe minagting van sy gewyde gesanik. Party gemeentelede het openlik gegil soos hulle lag. Ons was tydens die daaropvolgende kategese klas knie-diep daar in. Ek't plek-plek gedink die priester – wie toe al om die mond geskuim het - gaan permanent groet van onverdunde woede.

'n Ander keer – ek dink ek was aan't vlerksleep by een of ander fraaie (vermoedelik beskikbare) niggie in die kontrei, toe eindig ek ook weens besonders swak beplanning in een of ander kerkie in die Karoo op. So klein bouvallige gehuggie met wit gekalkte mure, en 'n sinkdak.

Dit was weer aan die anderkant van 40 grade, en die son-besies was al van voor sonopkoms aan't skree. Swak voet-fout aan my kant, maar toe ek my kon kry, is die afkondiging gemaak: "Ons (dit sluit my toe ondubbelsinnig in), gaan Kerk toe". In die Karoo. In die somer.

*Yaaay! Whoooo- - hoooo!* (Shit…)

Nouja, when in Rome… Toe piekel ek maar met besonders min geesdrif saam, met my styf-sit teen die niggie, as enigste troosprys. Die vlees bly swak – maak nie saak waar hy hom bevind nie, ne.

Die priester was so halfpad (of so hoop mens mos maar, soos die sweetdruppels jou kielie soos dit teen jou ribbes af loop) deur sy preek toe 'n klomp bos-duiwe op die sinkdak van die kerkie kom sit.

Die geknars - knars van hul naels op die sinkdak, was soos naels oor 'n swartbord op skool – afgryslik, en genoeg om selfs dowe mense die horrie-piep te gee.

Na so paar ooglopende gevaalde pogings om dit te ignorer, vra die priester toe die een ouderling om die duiwe te loop verjaag. Die ouderling voel toe dis *wa-a-a-a-y* benede sy amp, en hy '*pass*' toe die delikate taak aan vir die een diaken. Die perd is toe maar te gelukkig vir die afleiding, en is toe geesdriftig en met ywer daar vort by die sy-deur uit.

Wat effe kortsigtig was, was sy keuse en metode van duiwe verjaag. In plaas daarvan om die goed met klippe te gooi of so iets, steek hy toe 'n

sigaret aan en gil: “Fokof!!! Fokof!!! **Fok – offfffff!!!”** dat dit in die omliggende berge weergalm.

Na die diens roep die beduidend ontstige ouderling en priester die diaken toe eenkant toe, en skree op hom: “Was dit nou nodig? Jy kon ook “sjoe-sjoe” geskree het – dan sou hulle ook gefokof het!”

Soms – toegegee, bitter raar – was daar ‘n egter ‘n NG priester met ‘n sin vir humor. Johan Combrink was so ou. Hy was die een NG dominie van wie ek regtig gehou het. Ook by verre die enigste een.

Hy vertel hierdie storie:

Die landbou skool op Riversdal het so tjoklit-bruin Leyland skoolbus gehad. Daai donkerbruin gevaartes – ons praat hier van REGTIG bruin. Die kinders het dit **DIE BROOD** genoem.

Dit was een van daai gedoentes met die aerodinamika van ‘n baksteen, en wat dig by die 70 km/h kon haal – mits dit ‘n lang aftraende was.

So is Johan saam met twee Oakdale rugbyspanne op ‘n rugby toer van 2 weke deur die Karoo – in die einste BROOD.

Hy vertel hulle was op pad terug huistoe - êrens op Moerlandpan verby Ladismith. Dit was onuithoudbaar warm in die bus, die ding het teen 70 km/h voort gedreun, en ‘n lang, vaal rookwolk diesel uitlaatgasse het vir kilometers agter hulle op die pad gaan lê.

Hy vertel die kinders sit en sing toe al vir ure die een gruwelike, bar liedjie na die ander. Hy was regtig ‘n “cool” dominie, en het mense hul gang laat gaan. Maar selfs hy het perke gehad, en na ure van die een onsmaaklike en onder-die-rok kroegliedjie na die ander, strip hy toe ook moer, en skree op die kinders:

“Magtag!!! Kan julle nie net EEN geetelike liedjie sing nie?!!!”

Hy sê die volgende oomblik spring die Leyland Bus se enjin uitmekaar dat die stukke in die pad rol. In die daaropvoldende, dawerende stilte sing die kinders toe uit volle bors:

“U het die Brood Gebreek….”